Modes wat vroulikheid en smaak weerspieël

'n Swierige, elegante vertoning het Maandagaand in die Aula in Windhoek plaasgevind toe 75 van Errol Arendz se nuutste klere-ontwerpe vertoon is.

Errol se modes het die vroue getref. Dit weerspieel elegansie en vroulikheid. Die klere is almal in sagte lyne ontwerp en van die strak, harde en onvroulike snitte was daar geen sprake nie.

Die ontwerpe was in kleurvolle reënboog-kleure in gekombineerde sy en breistof, katoen, en satyn. Die chiffon-ontwerpe was voorwaar 'n hoogtepunt. Die klere is so ontwerp dat die valletjies en frilletjies 'n vroulikheid weergegee het.

Dit skep 'n romantiese atmosfeer, wat mens laat terugverlang na die dae van swierige tuinpartjies.

In 'n volgepakte saal het sewe van Windhoek se modelle die modes vertoon. Die bybehore was uniek. Die modelle het vere-ontwerpe as hooftooisels gedra wat die klere gekomplimenteer het.

Die strak gesigte van die modelle was treffend. Dit is blykbaar die nuutste mode van klere vertoon.

Die pragtige juwele het die uitrustings afgerond. Die Star of Monte Carlo, 'n halssnoer wat uit Toermalyn, maansteen en diamante bestaan het, was die hoogtepunt van die aand.

Baie van die ontwerpe het uit veelkleurige chiffontunieks met nousluitende, noupyp-broeke bestaan.

Die mode vir die somer is splete in die rokke en rompe, blinkers en kraalwerk. Die kleurkombinasie van pienk en pers is hoog mode.

Errol het ook nog 'n talent. Sy ontwerpe van trourokke het die harte van jonk en oud week gemaak. Die trourokke is in sagte, vloeiende ontwerpe gemaak. Die skouerlose trourokke wat afloop in 'n wye romp was baie opvallend en voorwaar pragtig. Die stof van die ontwerpe was Cintz Lace.

Die modeparade was 'n groot sukses. Daar is reeds 50 % van die ontwerpe wat in Windhoek vertoon was, in Kaapstad verkoop.

Regs vertoon Ellen 'n pragtige chiffon-uitrusting. Die rok, ook een van Errol se skeppings, trek voor tot by die middellyf in. Die skouers is kaal en net 'n dun bandjie word om die nek vasgemaak. Die romp van die uitrusting het verskeie lae chiffon. Heel regs vertoon Gloria 'n sagte, vroulike rok. Die rok bestaan ook uit lae chiffon. Veral die lengte van die rok is baie mooi. 'n Breë seintuur word om die middel gedra.

Errol Arenz en sy suster, Gloria, vandeesweek in Windhoek by sy modeskou afgeneem. Hulle het vroeër vandeesweek na Kaapstad vertrek.